VANDAG IS HIERDIE SKRIF VERVUL

Bly net so staan, as julle sal, terwyl ons ons hoofde buig vir ’n woord van gebed.

2 Dierbare Hemelse Vader, ons is vanaand dankbaar vir nog ’n geleentheid om te kom en hierdie glorieryke, wonderlike Evangelie van Jesus Christus aan te bied. Ons dank U omdat Hy nogsteeds dieselfde bly gister, vandag, en tot in ewigheid. Ons dank U vir hierdie mense wat hier saamgekom het in hierdie tyd van koue weer, en nogtans met groot verwagting uitkyk, en glo dat iets buitengewoon deur God aan ons gegee gaan word. Ons kom met daardie hoop, Here, na elke diens toe. Ons dank U vir die dienste, eergisteraand, by die tabernakel; dank U vir die diens gisteraand hier, en vir die diens vandag, by die tabernakel. Ons kyk nou uit na wat U vanaand vir ons sal hê.

3 Vader, ons weet dat enigeen wat in staat is om hulle hande te beweeg, die blaaie van die Bybel kan terugblaai, maar daar is net Een Wat dit lewendig en werklik kan maak, en dit is U. En, Vader, ons kyk na U om dit vanaand te doen. Seën ons op elke manier. Ons harte is so vol vreugde soos ons die tyd sien naderkom wanneer ons Hom, van aangesig tot aangesig, gaan ontmoet, die Een vir wie ons liefgehad het en al hierdie jare voor gelewe het.

4 Baie nuwe bekeerlinge is gemaak, Here. Verstaan dat ’n hele klomp, veertig of vyftig, môre-oggend in U Naam gedoop gaan word, na die diens van gisteraand. O God, gaan asseblief so voort, bid ons, totdat elke voorbeskikte Saad van God die Evangelie Lig gesien, en in die kudde ingekom het.

5 Ons vra U om ons agter die Woord te verberg vanaand; verblind ons vir die dinge van die wêreld, en laat ons vir Jesus sien. Mag daar ’n Berg van Verheerliking ondervinding onder ons wees, vanaand, sodat ons geen mens behalwe vir Jesus alleen sal sien nie. Ons vra dit in Sy Naam, en tot verheerliking van Hom en tot bevestiging van Sy Evangelie. Amen.

Julle kan maar sit.

6 Ek gaan hierdie mikrofoon, of hierdie lessenaar, net effens na die kant toe draai, as dit reg is so, sodat ek albei kante van die gehoor kan sien. Ek reken dat ek hierdie mikrofone hier om sal kry. Goed, net ’n oomblik.

7 Ons groet ons vriende in Arizona, California, Texas, en dwarsoor die Verenigde State vanaand, per telefoon, hier vanaf

die hoof ouditorium. Dit—dit gaan landswyd, hierdie diens vanaand, met behulp van die telefoon, so ons vertrou dat God ons sal seën.

8 Kan julle hoor, daaragter na—na links in die ouditorium? Goed, hulle gaan nou die telefoonsisteem nagaan, om te sien of dit reg werk.

9 Almal gelukkig vanaand? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wel, dis goed! Aan *hierdie* kant? ["Amen."] Amen. Ek is so bly om te sien dat julle almal gemaklik sit.

10 En nou, as die menigte môre-aand steeds vermeerder, sal hulle ook telefoon inskakel. Daar is vanaand. Ek dink daar is sommige vanaand daaronder by die tabernakel.

11 En, môre-oggend, kan die dienste nie by die tabernakel gehou word nie, aangesien die . . . daar 'n bloemiste sal wees wat die kerk gaan verfraai vir 'n troue môremiddag. En hulle het die—die oggend se dienste, na Broer Ruddell se kerk toe verskuif, een van ons medegenote, en op met die snelweg hier, 62. Was dit afgekondig? [Broer Neville sê: "Ja."—Red.] Dit was afgekondig. En, as dit oorloop daar, sal ons die res vat en nog 'n prediker na Broer Junior Jackson toe stuur, onder in Clarksville. Die rede waarom ons dit by Broer Ruddell gehad het, is omdat dit hier naby is, en ons kan . . . en ons het gedink julle kan dit makliker vind. En dan ons wel daarvoor sorg op een of ander manier. En maak seker om môre al daardie dopelinge af te handel, en ek hoop daar sal nog een of tweehonderd bygevoeg word by dié wat môre gedoop gaan word. En nou môre-aand . . .

12 Ek hou nooit daarvan om enigiets, waaroor ek gaan praat, vooruit af te kondig nie, maar een aand in die diens, of eendag, wil ek graag praat oor die onderwerp van: *Wie is Hierdie Melgisédek?* Want, dis 'n—'n onderwerp wat ek dink dat ons in die tyd lewe van hierdie openbaringe, waarvan dit 'n vraag deur die eeue heen was van, "Wie is hierdie Persoon?" En ek glo dat God die antwoord het, van Wie Hy was. Sommige sê: "'n priesterskap," sommige het gesê: "'n koning," sommige . . . Maar daar moet . . .

13 Solank daar 'n vraag is, moet daar 'n antwoord vir daardie vraag wees, wat reg is. Daar kan nie 'n vraag wees sonder dat daar éérs 'n antwoord voor was nie.

14 Nou, ons vertrou dat God ons vanaand sal seën deur Sy Woord, terwyl ons Dit lees.

15 En julle het . . . Billy het vir my gesê om vir julle te sê dat julle goeie samewerking gehad het met die mense hier wat in die parkeringstelsel is, die polisie en alles. Hou so aan; dis baie, baie goed.

16 Ons hoop om die tyd te sien, miskien in die nabye toekoms, wanneer ons miskien die tent hier na die stad toe kan bring en

dit hierbuite in die voetbalveld oprig, waar ons vir 'n redelike tydperk kan bly, miskien vir drie of vier weke, herlewing, aanhoudend. En hier begin ons mekaar skaars ken, en dan moet ons weer totsiens sê en gaan. Maar ek sal daarvan hou om te kom en vir 'n uitgebreide tyd te bly, eenkeer wanneer julle kan bly en nie hoef af te sluit binne 'n aand of twee nie, maar net kan bly en leer, dag en nag, dag en nag, aan en aan. Iemand gaan miskien huis toe en gee die hoenders kos, melk die koeie, en kom volgende week weer terug en gaan aan met die diens. Ek—ek hou daarvan. So mag die Here met julle wees.

17 Nou, voordat ek vertrek, miskien Sondagoggend of Sondagaand, of een of ander tyd, een van hierdie dienste, ek weet julle almal wag om die Boodskap te hoor oor die Waarheid van *Troue en Egskeiding,* wat een van die groot probleme van die dag is. En ek's net so seker as wat ek hier staan, glo ek die korrekte antwoord is in die Woord van God, en ek dink dat dit is wat ek belowe het om voor terug te kom.

18 En ek veronderstel, wetende, sover ek weet, wil ek nog 'n diens hier in Jeffersonville hou, op Paassondag, en ons sal . . . vir die sonsopkomsdiens, en dan Paassondag. So ons sal dit vooruit afkondig en miskien probeer om die ouditoruim te kry, indien moontlik, of êrens, vir Sondag, miskien kom vir Saterdag en Sondag. Sal moet in- en weer uitvlieg, want dit is naby die tyd . . . Ek moes dit, eers, nagaan teenoor die skedule wat ek het, en die een van my—my—my reisplan in Kalifornië. En dan, direk daarna, moet ek afgaan na—na Afrika. So bly in kontak en bid vir ons.

19 Nou, vanaand, wil ek julle aandag vestig op 'n deel van God se Woord, wat in die 4de hoofstuk van Lukas gevind word. Die 4de hoofstuk en die 16de vers, waar dit begin, Jesus wat praat.

. . . *Vandag is hierdie* Woord *in julle ore vervul.*

20 Ons wil nou graag, daaruit, 'n gevolgtrekking maak van hoe dinamies die Woord van God is! Nou, ons kan almal die meganiese uitwerk, maar dit verg die Dinamiese om Dit te laat werk.

21 Ons kan die meganiese van 'n masjien motorkar, uitwerk, maar dan verg dit die dinamiese om die wiele te laat werk en te beweeg.

22 Nou, Jesus het teruggekeer na—na Násaret, waar Hy grootgemaak is. Dwarsdeur die Skrifte hier, vind ons dat hulle gesê het: "Ons het gehoor dat U *so-en-so* gemaak het daar in Kapérnaüm. Laat ons U dit nou sien doen hier in U Eie streek."

23 Jesus het gesê, "'n—'n Profeet is nie sonder eer nie, behalwe in sy eie land nie." En, natuurlik, dit is waar jy grootgemaak is, en waar die mense jou ken. En daar het Hy 'n—'n—'n slegte naam gehad, om mee te begin, deurdat Hy gebore was sonder 'n aardse vader. Hulle het Hom "'n buite-egtelike kind" genoem, dat Maria

verwagtend was voordat sy, wettiglik, met Josef getroud was. Maar, dit is nie so nie, ons weet dit is nie so nie.

24 En oor hierdie Skrif, wat veroorsaak het dat my oë daarop geval het, was iets wat nou onlangs in Phoenix, Arizona, gebeur het. Dit was die laaste dag, van die diens waar ek by die Internasionale Kongres van die Volle Evangelie Sakemanne moes praat.

25 En in hierdie byeenkoms was daar 'n Katolieke biskop, as besoeker, saam met ons, hy is—is van "die Chaldeeuse Plegtigheid van die Apostoliese Katolieke kerk; die Hoog Eerw. John S. Stanley, O.S.D." Hy is "die aartsbiskop van die metropoolse Verenigde State," in die Katolieke kerk. *Hierdie* is sy kaart en sy—en sy adres.

26 En hy was 'n besoeker by die Christen Sakemanne, en ek het hom, die dag vantevore, daar gesien. En terwyl ek Saterdagaand besig was om te praat, dink ek was dit, of Saterdagoggend by die ontbyt, en ek. . . Terwyl ek gepraat het, het hy my bly dophou. Ek het gedink, "Daardie man verskil sekerlik met alles wat ek sê." En, julle weet, julle moes—julle moes hom net gesien het; hy het sy kop aanhoudend op-en-af beweeg, maar ek het nie geweet presies wat op hom gewerk het nie.

27 So die Sondagmiddag, toe ek opstaan om te praat, sou ek my teks neem oor *Geboortepyne,* waar Jesus gesê het, dat: "Soos 'n vrou in barensnood met 'n kind," sy baar in smart. En so was ek van plan om daarvan te praat, as: *Geboortepyne,* die onderwerp, om te sê dat die wêreld nou in geboortepyne is. Die oue moet mee weggemaak word, sodat die nuwe gebore kan word; net soos 'n —'n saad moet verrot om nuwe lewe te kan gee.

28 En hoe die pyne, geboortepyne, die wêreld getref het! In die Eerste Wêreldoorlog, het sy 'n geweldige pyn gehad, omdat hulle giftige gas en so aan gehad het, wat die wêreld byna kon vernietig het. En in die Tweede Wêreldoorlog, het nog 'n erger, moeiliker pyn haar getref; hulle het brisantbomme, en ook 'n atoombom, gehad. Sy kan nie nog 'n geboortepyn deurstaan nie. Met hierdie missiele en goed vandag, sal nog 'n oorlog haar in die ruimte ingooi, want sy sal nou verlos word. En daar sal 'n nuwe aarde wees. Die Bybel het gesê daar sal wees.

29 Onder elke profeet se Boodskap, het Israel 'n geboortepyn gehad, omdat hierdie profete op die toneel gekom het nadat die teoloë en predikante die kerk in 'n algehele georganiseerde vorm gehad het. En wanneer daardie profete op die toneel gekom het met SO SPREEK DIE HERE, het hulle daardie kerke geskud, en sy het 'n geboortepyn gehad. Uiteindelik het sy die heeltyd geboortepyne gehad, totdat sy 'n Seun van die Evangelie voortgebring het, wat die Woord Self in vlees was.

30 So die kerk is werklik weer in geboortepyne vanaand, vir die voortbring van die Seun, Seun van God om weer te kom. Al ons

teoloë, al ons sisteme, al ons denominasies, het reg onder ons uit verrot. So, ons is in geboortepyne, en 'n Boodskap van God gooi die kerk altyd in groter pyne, maar na 'n tyd sal sy 'n Bruid voortbring. Dit sal Jesus Christus na Sy Bruid voortbring.

31 En, toe, terwyl ek dink dat hierdie man so baie van my verskil. Toe ek opstaan om hierdie Boodskap te preek, blaai ek in my Bybel, om die bladsy te kry.

32 En my vrou het toe pas vir my 'n nuwe Bybel gegee, vir Kersfees. My ou Bybel is omtrent vyftien jaar oud, en die ding het feitlik uitmekaar uit geval. Die blaaie het, elke keer as ek dit oopmaak, net uit dit uitgewaai. En, maar ek het geweet presies waar om elke Skrif te kry, so ek het daardie Bybel diep bestudeer. En ek het net die nuwe een gevat, omdat die ander een so toiingrig gelyk het, om mee kerk toe te gaan.

33 En toe ek na Johannes toe oorgeblaai het, na waar die Skrif gevind word, het ek begin lees uit die 16de hoofstuk, en die vers waarvoor ek gesoek het, was nie daar nie. So ek dink toe: "Vreemd!" Ek het weer teruggeblaai; maar dit was nogsteeds nie daar nie.

34 En Broer Jack Moore, van Shreveport, Louisiana, 'n boesemvriend van my, hy het daar gesit. Ek sê toe: "Broer Jack, staan dit nie in Johannes 16 nie?"

Hy het gesê: "Ja."

35 En hierdie Katoelieke priester staan toe, tussen omtrent 'n honderd predikante, uit sy sitplek op; stap oor tot by my, met al sy togas en mantels en kruise, en so meer, en kom tot reg by my. En hy sê: "My seun, staan vas. God is besig om te beweeg."

En ek dink: "'n Katolieke biskop wat dit vir my sê?"

Hy sê toe: "Lees dit uit my Boek."

36 En ek lees toe die Skrif uit sy Boek, en neem my teks en gaan aan, lewer toe my preek.

37 Agterna, toe ek klaar was, het hy opgestaan nadat ek weg was, en gesê: "Daar is een ding wat moet gebeur. Na dit, sal die kerk uit die gemors moet kom waarin dit is, of ons sal uit die gemors moet kom waarin die kerk is." So, die een of die ander.

38 En ek was op pad huis toe daardie aand, terug Tucson toe. die kinders het begin vra vir 'n toebroodjie, en ek het by 'n stalletjie stilgehou om 'n toebroodjie te kry. En my vrou het gesê: "Bill, ek was nog nooit so senuweeagtig gewees in my hele lewe, as om jou so te sien staan en rondsoek in daardie Bybel nie." Gesê: "Het dit jou nie senuweeagtig gemaak nie?"

39 Ek het gesê: "Nee." Ek sê: "Ek het geweet dit is daar êrens in. Hulle het net nie die blaai daarin gehad nie. Dis 'n misdruk."

40 En sy het gesê: "Om te dink, dat ek daardie Bybel vir jou gegee het! Dit het gevoel asof elke oog daarbinne op my was."

41 Ek sê toe: "Wel, jy kon dit nie verhelp nie. Dit was 'n misdruk in die Bybel." Ek het gesê: "Hulle het net nie die bladsy ingesit nie."

42 Wel, ek het gaan sit en weer daarna gekyk, so perfek as kan kom; maar die 16de hoofstuk, 'n gedeelte, die gedeelte daarvan net omtrent 3 duim van onder af, oor tot die 17de hoofstuk op die ander kant, dieselfde ding. En omdat dit 'n nuwe Bybel was, het daardie twee bladsye perfek aanmekaar geklou, en ek het uit die 17de hoofstuk gelees, in plaas van uit die 16de. "Wel," het ek gesê: "dis alles in die haak. Dis vir een of ander rede."

43 En net so duidelik as wat jy enige stem kan hoor, het 'n Stem na my toe gekom, en gesê: "Hy het in Násaret ingekom waar Hy opgevoed was; en in die sinagoge ingegaan, soos Sy gewoonte was. En die priester het vir Hom die Skrifte gegee om te lees, en Hy het Jesaja 61 gelees. En nadat Hy die Skrifte gelees het, het Hy gaan sit; die Bybel, die Boek, teruggegee aan die priester, en gaan sit. En al die oë van die gemeente was op Hom. en aangename Woorde het uit Sy mond gekom. En Hy het gesê: 'Vandag is hierdie Skrif vervul.'"

"Vandag is hierdie Skrif vervul."

44 Hoe akkuraat is die Skrif nie! As julle sal oplet, dit is in Jesaja 61:1 tot 2, waaruit ons Here gelees het, Jesaja 61:1 tot 2. Maar in die middel van die 2de vers van Jesaja 61, het Hy gestop. Waar dit sê: "Die Gees van die Here is op My; om die aangename jaar te verkondig," daar het Hy gestop. Hoekom? Die ander deel, om oordeel te bring, was nie van toepassing op Sy eerste koms nie, maar Sy tweede Koms. Sien, dit was nie van toepassing daar nie. Die Skrifte maak net nooit 'n fout nie! Hulle is altyd volmaak. Jesus het gestop net waar die Skrif gestop het, want dit is presies net wat in Sy dag moes bevestig word, nou, in daardie eerste koms. Met die tweede Koms gaan Hy oordeel op die aarde bring; maar nie toe nie. Hy moes "die aangename jaar verkondig."

45 Let op, die Messias, hoe staan Hy op die platvorm, om Homself te identifiseer met die Woord van belofte vir daardie tyd. Hoe eienaardig, die Messias staan op voor die kerk! En kyk na hierdie waardevolle Woorde, toe Hy hier sê: "Om die aangename jaar te verkondig."

46 "Die aangename jaar," soos ons dit almal as Bybellesers ken, was "die jubeljaar." Dat, wanneer al die slawe en gevangenes, soos hulle was, gevange geneem was; en hulle 'n seun moes gee, om 'n skuld te betaal; of 'n dogter, om 'n skuld te betaal, [Leë kol op band—Red.] en hulle was in slawerny. Maak nie saak hoe lank hulle in slawerny was, of hoe lank hulle nog veronderstel was om daar te moes bly nie; wanneer die jaar, van jubel, aangebreek het, en die basuin geblaas het, kon elke man vry gaan, as hy wou vry wees. [Leë kol op band.] Jy's vry. Jy was nie meer 'n slaaf nie.

47 Maar as jy liewer 'n slaaf wou bly, dan moes jy na die tempel toe geneem word, by die tempelpilaar gaan staan, en dan het hulle 'n els geneem en 'n gat in jou oor gemaak, en dan moes jy daardie slawemeester vir die res van jou lewe dien.

48 Wat 'n volmaakte voorbeeld van die Evangelie van Jesus Christus! Wanneer Dit gepreek word, die aangename tyd, en die tyd van Jubelfees; kan enigiemand, maak nie saak wie jy is, watter kleur jy is, aan watter denominasie jy behoort, hoe laag jy in sonde verval is, of wat ook al met jou verkeerd is nie; jy kan vry gaan wanneer jy die Evangeliebasuin hoor klink. Jy is vry!

49 Maar as jy jou rug draai op die Boodskap en weier om Dit te hoor, let op, dan is jy geboor in die oor, met 'n els. Dit beteken, met ander woorde, dat jy oor die lyn tussen genade en oordeel gestap het, en jy sal nooit weer die Evangelie hoor nie. Jy sal nooit vorder nie. Jy sal vir die res van jou lewe 'n slaaf moet wees, van die sisteem waarin jy is, as jy weier om die aangename jaar te hoor.

50 Nou, die ander deel daarvan, soos ek gesê het, was nie nodig om beantwoord te word nie, aangesien hierdie komende Messias, in 'n tyd nou, is wanneer Hy oordeel sal bring.

51 Nou, hoe kon daardie mense ooit gefaal het om te sien Wie Hy was? Hoe het hulle dit ooit gemis? Hoe kon dit wees, terwyl dit so duidelik gemaak en uitgewys was? Hoe kon hulle ooit gemis het om te sien? Toe Hy . . .

52 Wat 'n Woord! Dink daaraan: "Vandag is hierdie Skrif voor julle oë vervul." Wie het dit gesê? God Self, Wat die interpreteerder van Sy Eie Woord is. "Vandag is hierdie Skrif vervul." Die Messias, Self, wat in die teenwoordigheid van die gemeente staan en 'n Woord uit die Bybel lees, wat op Homself van toepassing is, en dan sê: "Vandag is hierdie Skrif vervul," en nogtans het hulle Dit nie raakgesien nie.

53 Wat 'n tragedie is dit nie dat dit so moes wees nie, maar dit het gebeur. Dit het al baie gebeur. Hoe kon dit gebeur het? Natuurlik, net soos in ander tye, deur 'n mens se interpretasie van die Woord te glo. Dit is wat dit veroorsaak het. Daardie gelowiges in daardie dae, sogenaamde gelowiges, het die interpretasie geneem van wat die priester gesê het van die Skrif. Daarom was Jesus, deur nie aan een van hulle kringe of genootskappe te behoort nie, Hy uit hulle geselskap verban.

54 En, daarom, kon hulle Hom nie identifiseer met hulle nie, omdat Hy anders was as hulle. Die Persoon van Jesus Christus was so uniek, dat niemand moes gemis het om te sien dat dit die Seun van God was nie, want Hy was die volmaakte identifikasie van die Skrif wat van Hom geskryf was.

55 Die manier waarop enige Christen geken word, wanneer sy lewe presies die dinge identifiseer wat 'n Christen veronderstel is om te doen.

56 Hoe Hy daar kon staan en sê: "Vandag is hierdie Skrif reg voor julle oë vervul!" Hoe treffend, hoe duidelik, en tog het daardie mense dit misverstaan. Waarom? Omdat hulle die interpretasie van die een of ander priester, waarna hulle geluister het, geneem het.

57 En die geskiedenis herhaal homself altyd. En die Skrif het 'n veelvuldige betekenis Daaraan, en 'n veelvuldige openbaring.

58 Byvoorbeeld, soos as dit in die Bybel sê dat: "Uit Egipte het Ek My seun geroep," verwys dit na Jesus. Kyk na die kantlyn daaroor, en julle sal sien, dit verwys ook na Jakob, selfde Skrif. Jesus was Sy groter Seun. Jakob was Sy seun wat Hy uit Egipte geroep het, waarna die Scofield verwys en al die ander verwysings voorgee, aangesien dit die Skrif is waarna dit verwys. So dit het 'n—'n dubbele antwoord gehad; die antwoord was dat Jakob uitgeroep was, en so was Jesus ook uitgeroep.

59 En so is dit vandag! Dit is waarom ons in so 'n verwarring is as wat ons is, en mense faal om die Waarheid van God te sien, is omdat daar so baie mensgemaakte interpretasies van God se Woord is. God het niemand nodig om Sy Woord te interpreteer nie. Hy is Sy Eie interpreteerder.

60 God het, in die begin gesê: "Laat daar lig wees," en daar was lig. Dit het nie 'n interpretasie nodig nie.

61 Hy het gesê, "'n Maagd sal swanger word," en sy het. Dit het geen interpretasie nodig nie.

62 Wanneer . . . God se interpretasie van Sy Woord is wanneer Hy Dit bekragtig en as sulks bewys. Dit is Sy interpretasie, deur Dit te laat geskied. Dit is waar God se interpretasie is, wanneer Hy Sy Woord laat geskied. Dan interpreteer Hy Dit aan jou.

63 Soos as daar nooit lig was nie, en Hy sê: "Laat daar lig wees," en daar is, dan is dit nie nodig dat iemand dit moet interpreteer nie.

64 Maar ons kry mensgemaakte sisteme Daarmee vermeng, en, wanneer jy dit doen, is—is Dit nie meer in lyn nie. Dit was nog altyd so gewees.

65 Maar ek dink nog hoe treffend dit moes wees. Dink daaraan, die Messias! Waarom het hulle Hom nie gesien nie? Omdat hulle eie leiers, wat veronderstel was om Hom te ken, wat veronderstel was om die Skrifte te ken, wat veronderstel was om die Skrifte te verstaan, hulle het hierdie Man verkleineer en gesê: "Hy is 'n onegte kind, om—om mee te begin. Ons sal Dit nie glo nie."

66 Jare later, glo ons dit nie. Ons sal sterf vir die doel om te sê dat Hy 'n maagdelik gebore Seun was.

67 En dit sal eendag so gebeur dat, ons dieselfde ding wat ons Jehova vandag sien doen, dat mense in die jare wat kom, as daar is, sal sterf vir dieselfde ding waaroor ons vandag praat. Jy sal dit moet doen wanneer die merk van die dier inkom, en jy nie meer

toegelaat sal word om die Evangelie op hierdie manier te preek nie. Wanneer die groot vereniging van kerke saamkom, wat nou gereed is vir die wêreldkerk, sal jy jou getuienis met jou eie lewe, Hiervoor moet seël.

68 Jy moet Dit nou glo. As daardie priesters kon opstaan, wat Hom veroordeel het, sou hulle Hom nie veroordeel het nie. "Maar," sê jy: "as ek daar was, sou ek *so-en-so* gedoen het." Wel, dit was nie jou tyd nie. Maar, hierdie is jou tyd, hierdie is die tyd.

Jy sê: "Wel, as Hy hier was!"

69 Die Bybel sê: "Hy is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid," dieselfde, so Hy is hier. Maar, Hy is hier. Soos die wêreld beskaafd, en groter, en meer ontwikkeld geraak het, is Hy hier in Geesvorm, wat hulle nie kan doodmaak of laat sterf nie. Hy het eenmaal gesterf; Hy kan nie weer sterf nie. Hy moes vlees word, sodat God in die vlees kon sterf, vir sonde. Maar hierdie keer kan Hy nooit sterf nie; Dit is die Heilige Gees.

70 Nou, om te dink dat hulle daardie dinge teen Hom gehad het! Nog 'n ding, dat Hy nie by een van hulle geledere wou aansluit nie. So, julle sien, dit het ook van Hom 'n slegte persoon gemaak. Hy wou nie by hulle—hulle organisasies aansluit nie, wou nie by hulle priesterskap aansluit nie, en Hy wou niks daarmee te doen gehad het nie. En by dit alles, het Hy dit, wat hulle opgebou het, probeer afbreek.

71 Hy het in die tempel ingegaan. Ons noem Hom 'n sagmoedige Man; Hy was, maar baiekeer verstaan ons nie wat sagmoedigheid is nie.

72 Hy was 'n Man met meegevoel, maar ons faal somtyds om te verstaan wat meegevoel is. Menslike simpatie, is nie meegevoel nie. Maar, *meegevoel* is "om die wil van God te doen."

73 Hy het deur die poel van—van Betesda gegaan, deur die hek. Daar het mense gelê, menigtes van hulle. Menigtes is nie 'n sekere hoeveelheid nie. Maar daar het menigtes gelê: verlam, blind, mank, verdor. En Hy het altyd meegevoel met die mense gehad. En Hy het na een mens toe gegaan wat nie lam, blind, mank of verdor was nie; miskien 'n prostaatprobleem gehad, miskien het hy 'n klein vertraagde ongesteldheid gehad. Hy het dit al vir agt-en-dertig jaar gehad. Dit sou hom nie pla nie, sou hom nie doodmaak nie. Hy het op 'n draagbaar gelê. En Hy het gesê: "Wil jy gesond gemaak word?"

74 En die man het gesê: "Ek het niemand om my in die water te sit nie, maar terwyl ek kom, wel, stap iemand voor my daar af." Sien, hy kon loop, hy kon sien, hy kon beweeg, maar hy was net swak.

75 En Jesus sê vir hom: "Staan op. Neem jou bed op en gaan na jou huis toe." En Jesus is ondervra daaroor, want julle onthou die Skrifte het so gesê.

76 Geen wonder! As Hy vanaand na Jeffersonville sou kom en so-iets doen, sou hulle nogsteeds van Hom praat.

77 Maar, onthou, Hy het gekom om een ding te doen, dit is die wil van God. Dit is in Johannes 5:19, jy sal die antwoord daar vind. Hy het gesê: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen nie; maar wat Hy die Vader sien doen, dit doen die Seun."

78 Nou, hulle behoort te geweet het dat dit presies die bekragtiging van die profesie van Moses was: "Want die Here jou God sal 'n Profeet oprig net soos ek is."

79 Let op dat, toe Hy die man gesien het, het Hy gesê . . . Jesus het geweet dat hy al vir baie jare in daardie toestand was. Sien, as 'n Profeet, het Hy daardie man in daardie toestand gesien; en afgegaan daarnatoe en Sy weg tussen die mense deur gebaan—baan, gevleg deur die menigte, totdat Hy daardie sekere man gevind het.

80 Verby die lammes, mankes, blindes, en verdordes, en tog 'n Man vol medelye. Maar, *medelye* is "om die wil van God te doen."

81 Nou, vind ons Hom, omdat Hy nie by hulle wou aansluit, Hy niks met hulle geledere te doen wou hê nie, dat Hy 'n uitgeworpene was. Hy wou nie . . .

82 Behalwe dit, het Hy eendag in die tempel ingegaan. 'n Man het daar ingegaan en die huis van God omtrent net so besoedel as vandag gevind. Hulle was besig om te koop, verkoop, geld te wissel. En Hy het die geldtafels omgegooi; toue geneem en dit gevleg, en die geldwisselaars uit die tempel geslaan. En met woede op hulle neergekyk, en gesê: "Daar staan geskrywe," halleluja: "My Vader se huis is 'n huis van gebed; en julle het dit 'n rowerspelonk gemaak. En julle, met julle tradisies, het die wette van God nutteloos gemaak."

83 Ag, kon so 'n klomp ooit in Hom glo? Nee, meneer. Hulle was so modderbesmeerd in die gemors van gemeenskappe en die vuilheid van die dag, dat hulle geestelik so gevries was, dat hulle nie meer die vibrasies van die Krag van die Almagtige God kon voel nie. Geen wonder die klein vroutjie kon Sy kleed aanraak en Daardeur genees word; terwyl 'n dronk soldaat in Sy gesig kon spoeg, en geen deug kon sien nie! Dit hang af hoe jy Dit benader. Hang af wat jy voor soek. Wanneer jy kerk toe gaan, hang dit af wat jy voor soek.

84 Nou sien ons Hom daar staan. Geen twyfel dat die mense Hom alreeds gewaarsku het nie, gewaarsku . . . die priester het die mense gewaarsku: "Nou Hy kom volgende Sabbat hiernatoe, en, as Hy kom, moet julle nie na Hom luister nie. Nou, julle kan hier gaan sit, maar moenie ag slaan op wat Hy sê nie, want Hy behoort nie aan ons groep nie. Hy is 'n uitgeworpene. Hy het nie 'n lidmaatskapkaart nie. Hy het nie eers 'n organisasiepapier by Hom nie. Hy het niks van die aard nie."

"Wat is Hy?"

85 "Een of ander drosterseun wat buite-egtelik, hier, uit 'n timmerman se huis gebore was, dat 'n moeder swanger geraak het met Hom voordat hulle getroud was, en nou probeer hulle om dit weg te steek met die een of ander bonatuurlike ding.

86 "Ons weet dat, wanneer die Messias kom, Hy deur die gange van die Hemel sal kom en na ons hoëpriester toe sal gaan en sê, 'Hier is Ek, Kajafas.'" Maar ons vind uit dat Hy dit nie so gedoen het nie, omdat dit nie so geskryf was in die Woord nie. Dit was 'n mens-gemaakte tradisie wat gemaak het dat hulle dit so geglo het.

87 Die Woord het gesê dat Hy sou kom net soos wat Hy gekom het. En daar het Hy gestaan, die Woord gelees, en vir hulle gesê: "Vandag is hierdie Skrif voor julle oë vervul." En nogtans faal hulle om Hom te sien of te herken, net soos hulle in alle ander tye het.

88 Noag kon dieselfde gesê het, die dag toe hy by die ark ingegaan en die deur toegegaan het. Moses kon daardie venster bo in die ark opgelig het, op die menigte uitgekyk het . . . Onthou, God het die deur gesluit. En hy kon gesê het: "Vandag is hierdie Skrif voor julle oë vervul," maar dit was toe te laat gewees vir hulle. Hy het 'n honderd-en-twintig jaar lank gepreek, om hulle in daardie boot te probeer kry wat hy gebou het, terwyl hy hulle vertel het dat die Skrif sê: "SO SPREEK DIE HERE, dit gaan reën," maar hulle het te lank gewag. Maar Noag kon maklik gesê het dat: "Vandag, hierdie dag, is die Skrif vervul."

89 Moses, dieselfde dag dat die Vuurkolom op die Berg Sinai afgekom en bewys gelewer het van sy getuienis, kon Moses gesê het: "Vandag is hierdie Skrif vervul."

90 Moses, julle weet, was 'n geroepe man van God, 'n profeet. En terwyl hy geroep was, as 'n profeet, moes hy 'n bonatuurlike ondervinding gehad het. Om 'n profeet te kon wees, moes hy vir God van aangesig tot aangesig ontmoet en met Hom praat. En nog iets, wat hy gespreek het, moes so gebeur, of niemand sou hom glo nie.

91 So, geen mens het die reg om homself so te noem, voordat hy nie êrens, aan die agterkant van 'n woestyn, van aangesig tot aangesig met God gepraat het, waar hy self vir God ontmoet het nie. En al die ateïste in die wêreld kon dit nie van hom af wegredeneer nie; hy was daar, hy weet dit het gebeur. Elke Christen behoort daardie ondervinding te hê voordat hulle enigiets sê van Christen wees. Jou eie ondervinding!

92 Ek het, so 'n rukkie gelede, met my broerskind gepraat, 'n Katolieke seun, wat gesê het: "Oom Bill, ek het hierdie kant toe en daardie kant toe gehardloop, om iets te probeer vind." Aand na aand, voor hierdie diens begin het, het hy gehuil. En in die nag, het hy drome gedroom van hoe hy inkom, na die

altaar toe ophardloop, waar daar gepreek word, en bely dat hy verkeerd was.

93 Ek het gesê: "Melvin, maak nie saak waar jy probeer gaan, by hoeveel kerke jy aansluit, hoeveel 'Heil Marias' jy opsê, of hoeveel seëninge jy van mense kry nie, jy moet wedergebore word deur die Gees van God. Dit is die enigste ding wat die menslike hart sal bevredig."

94 Dis, ek weet hulle het vandag, 'n plaasvervanger daarvoor, om wedergebore te word, net handskud met die predikant en jou naam op die boek skryf. Maar, vriende, dit is 'n dogma. Dis nie 'n Bybelse Waarheid nie. As dit was, sou die Handelinge van die Apostels, in die 2de hoofstuk, só gelees het: "Toe die Dag van Pinkster aanbreek, het die pastoor daar uitgestap en hande geskud met die mense."

95 Maar dit sê: "Toe die Dag van Pinkster aangebreek het," met die inhuldiging van die Kerk, "het daar 'n geluid van die Hemel gekom, soos 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het." Dis hoe die Heilige Gees die eerste keer gekom het. Dis hoe Dit elke keer sedert daardie tyd gekom het. Hy is God, en verander nie. Nou, Dit laat mense struikel.

Hulle sê: "Dit was vir 'n ander dag."

96 Wel, Hy is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid. Elke keer wat die kerk ooit die Heilige Gees ontvang het, het Dit altyd gekom soos Hy dit die eerste keer gedoen het, onder dieselfde voorskrif, Handelinge 2:38; het nog nooit verander nie, sal nooit verander nie.

97 Soos 'n dokter se voorskrif vir 'n siekte. Hy sal 'n voorskrif vir 'n siekte uitskryf, die dokter. En vat dit na 'n kwak apteker toe, en as hy te veel van die teenmiddel daar insit, dan is dit so flou dat dit jou niks sal help nie; as hy te veel van die gif daarin sit, sal dit jou doodmaak. Dit moet gedoen word presies volgens die dokter.

98 En die dokter se voorskrif vir hoe om die Heilige Gees te ontvang, word aan ons gegee deur Dokter Simon Petrus op die Dag van Pinkster. "Ek sal vir julle 'n voorskrif gee. Bekeer, en word elkeen van julle gedoop in die Naam van Jesus Christus vir die vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die voorskrif is vir hulle wat daar ver is, en soveel as die Here onse God sal roep." Die Ewige voorskrif!

99 Moses het hierdie ondervinding gehad. Hy het in die landstreek ingegaan en vir die mense begin vertel: "Ek het die Vuurkolom ontmoet. Dit was in 'n brandende bos. En Hy het vir my gesê om vir julle te sê: 'EK IS WAT EK IS. Gaan af; Ek sal met jou wees. Vat die staf in jou hand en hou dit oor Egipte uit; wat jy ook al vra, dit sal gedoen word.'"

Wel, moontlik het een of ander priester gesê: "Onsin!"

100 Maar toe hulle die werklike feite hiervan, vat, sien gebeur, kon hulle dit nie langer verswyg nie. Hulle het geweet dat hy deur God gestuur was.

101 As Moses, dan, gesê het dat hy dit gesien het en getuig het dat dit die Waarheid is, dan is God verplig, as dit die Waarheid is, om daardie man se woord te identifiseer en te bekragtig, as die Waarheid. Dis waar.

102 As Jesus Christus, daardie dag, daar gestaan en lees het, "Vandag word hierdie Woord voor julle vervul," dan is God verplig om daardie Woord te laat geskied.

103 Ons staan vanaand hier en sê, dat: "Jesus Christus dieselfde is gister, vandag en tot in ewigheid." God is verplig om dit so te bewys, want Dit is Sy Woord. Nou, wat doen dit? Dit neem geloof, om Dit te glo. Neem geloof, en om Sy Woord te glo, dat Dit die Waarheid is.

104 Let op wat gebeur het toe Moses die kinders, en almal wat hom gevolg het, uitgebring het. Dié wat nie gevolg het nie, het in Egipte gebly. Maar vir hulle, wat vir Moses gevolg het, nadat hulle uit die Skelfsee uitgekom en in die wildernis ingegaan het, het God afgekom op die Berg Sinai. Daardie Vuurkolom het die hele berg aan die brand gesteek, en 'n Stem het daaruit gepraat, en God het die tien gebooie gegee.

105 Moses kon daar tot voor die mense gestap, en gesê het: "Vandag is hierdie Skrif, wat ek julle, as Sy profeet, vertel het, vandag vervul. Ek het julle vertel dat God my daar, in 'n brandende bos, in 'n Vuurkolom ontmoet het, en Hy het dit gesê: 'Ek sal. . . Dit sal 'n teken wees. Jy sal daardie mense na hierdie plek toe terugbring.' En daar hang God, in dieselfde Vuurkolom wat ek julle vertel het Hy in is, daar oor die berg. Vandag is hierdie profesie vervul. Hier is Hy om te bekragtig dat die dinge wat ek gesê het, die Waarheid is."

106 God, gee ons meer manne soos dit, wat eerlik en opreg is, en die Waarheid vertel, sodat God Almagtig kan bekragtig dat Sy Woord nog Waarheid is! Hy bly dieselfde gister, en vir ewig. Waarom sou Hy dit nie doen nie? Hy het belowe om dit te doen.

107 Josua kon dieselfde gesê het, die dag toe hy teruggekom het by Kades-barnea, waar hulle so ver in die wildernis gereis het. Hulle het getwyfel daaraan dat die land die soort land was wat God gesê het dit sou wees. Maar God het vir hulle gesê dit was 'n goeie land, dit het oorvloei van melk en heuning. En Josua en Kaleb was die enigste twee, uit die ander tien wat weggegaan het, wat dit geglo het. Toe hulle teruggekeer het, het hulle die bewys gehad; hulle het 'n tros druiwe gehad, wat alleenlik deur twee sterk mans gedra kon word.

108 Josua en Kaleb kon net daar gestaan en gesê het: "Vandag is hierdie Skrif vervul. Hier is die bewys dat dit 'n goeie land is." Sekerlik. Waarom? "Daar is die bewys dat dit 'n goeie land

is. Waar het julle ooit so-iets, soos dit, in Egipteland gekry? Daar was nie sulke plekke nie. Maar vandag is hierdie Skrif vervul."

109 Hy kon dieselfde gesê het, toe hy geprofeteer en gesê het die mure van Jerigo sal omval sodra hulle sewe keer daar rondom gemarsjeer het, sewe dae, sewe keer 'n dag. En toe hulle daardie laaste keer daar rondom gemarsjeer het, het die mure geval. Josua kon opgestaan en gesê het: "Vandag, Die Leër Owerste van die Here, wat weke terug vir my gesê het dat dit so sou gebeur, vandag is hierdie Skrif vervul." Daar het die mure, plat op die grond gelê. "Komaan, laat ons dit gaan vat. Dit behoort aan ons. Vandag is hierdie Skrif vervul."

110 Hoe wonderlik, manne van God het gestaan vir dit wat reg is!

111 Israel, by die rivier, toe hulle die land beset het, het oorgegaan. Hoe sou hulle dit doen? Dit is die maand van April. Die vloede kom af, want die sneeu begin smelt, bo in Judea. O, wat 'n treurige generaal het God geblyk te wees, om Sy mense in die maand van April daar af te bring, wanneer die Jordaan voller was as ooit. Somtyds . . .

112 Ek kan net sowel hier stop, vir 'n rukkie, as ek tyd gehad het, om julle net 'n klein wenkie te gee. Somtyds mag julle daar sit met kanker, of julle mag daar sit met 'n siekte; jy dink, "Waarom, terwyl ek 'n Christen is, is ek in hierdie toestand? Waarom sou ek so hier sit, as ek 'n Christen is?" Partymaal laat God die dinge so donker word, dat jy nie boontoe, rondom, of êrens kan sien nie, en dan kom maak Hy 'n weg daardéúr vir jou, sodat jy kan sê: "Vandag is hierdie Skrif vervul, wat Hy belowe het om te doen."

113 Hy het die Hebreeuse kinders reg in die vuuroond laat instap. Hulle het gesê: "Ons God is in staat om ons te verlos van hierdie vuur in die oond. Maar, nogtans, ons sal nie voor julle beeld buig nie." Toe hulle daar uitgeloop het, met die reuk van die oond op hulle . . . of liewers, geen reuk van die oond, op hulle nie; kon hulle sê: "Vandag is hierdie Skrif vervul."

114 Toe Daniël uit die leeukuil gekom het, kon hy dieselfde gesê het.

115 Johannes die Doper. Na vierhonderd jaar van kerklike lering, geen wonder die kerk was in 'n gemors gewees daardie tyd nie! Toe hy in die wildernis verskyn het, die Jordaan, kon hy net daar op die wal staan, waar hy het, en sê: "Vandag is hierdie Skrif, Jesaja 40, vervul."

116 Hoe ek hier kan stop en vir julle vertel wat daardie ou priester my vertel het! Hy het gesê: "Seun, jy het daardie Boodskap nooit klaargemaak nie."

Ek het gesê: "Wees stil."

Hy het gesê: "Bedoel jy daardie Pinkstermense sien dit nie?"

Ek het gesê: "Nee."

117 Hy het gesê: "Ek sien dit." En 'n Katolieke priester daarby! Uh-huh. Hy het gesê: "Hoekom het jy nie aangegaan nie?"

Ek het gesê: "Wees stil."

Hy het gesê: "Ere aan God! Ek sien dit."

118 En net omtrent daardie selfde tyd het die Heilige Gees op sy suster geval, waar sy in diens was. En sy het opgestaan, en in vreemde tale gepraat, en die uitleg gegee van dieselfde ding waaroor ek en die priester, op die platvorm, gepraat het. Die hele kerk, die hele plek, was in 'n beroering. Dit het oorgegaan in Oral Robert se konvensie verlede week, of die week daarvoor, en dit het die hoofgesprek van die konvensie geword. Hoedat daardie priester . . . Daar gesit het onder die Heilige Gees, dit geopenbaar het deur 'n vrou, sy suster, so het ek verstaan, wat hier op die platvorm plaasgevind het, en daardie ding presies openbaar, wat ons weggesteek het.

119 Die uur waarin ons lewe, vandag is hierdie Skrif vervul. Vandag het die Aandligte gekom, en ons sien Dit nie. Let op.

120 Johannes het gesê: "Vandag is ek 'die stem van een roepende in die woestyn,' soos die profeet Jesaja gesê het: 'Berei die weg vir die Here.'"

121 Hulle het dit nie verstaan nie. Sê: "O, jy's Jesus . . . jy's—jy's die Christus," liewer.

122 Hy het gesê: "Ek is nie die Christus nie." Hy het gesê: "Ek is nie waardig om Sy skoene los te maak nie. Maar," het hy gesê: "Hy staan hier êrens tussen julle," want hy was seker dat Hy daar sou wees. Hy sou in sy dag wees, want God het vir hom gesê dat hy die Messias sou voorstel.

123 'n Jong Man het eendag daar afgestap gekom, en hy het soos 'n Lig bokant Hom gesien, 'n teken. En hy het uitgeroep: "Daar is die Lam van God! Vandag is hierdie Skrif voor julle vervul." Sekerlik.

124 Op die Dag van Pinkster, hoe Petrus opgestaan en hulle Skrif, van Joël 2:38, aangehaal het. Toe, hulle almal gelag het, daardie mense. Hulle kon nie in hulle eie taal praat nie. Hulle het net iets gebabbel. Die Bybei sê: "Gesplete tonge." *Gespleet* is 'n "verdeelde" tong, niksseggend, net 'n gebabbel. Hardloop rond soos 'n klomp dronk mense!

125 Hulle almal het gesê: "Wel, hierdie mense is dronk. Kyk na hulle, kyk hoe hulle aangaan, hoe daardie vrouens en mans. Hulle is wanordelik," so het die godsdienstige groep van daardie dag gesê.

126 Petrus het te midde van hulle opgestaan, gesê: "Manne en broers, julle wat in Jerusalem woon, en julle wat in Judea woon, laat dit aan julle bekend wees dat hierdie nie dronk is, soos julle dink nie, siende dat dit nog maar die derde uur in die dag is. Maar hierdie is dit wat deur die profeet, Joël, gespreek is: 'En dit sal

wees dat Ek, in die laaste dae, My Gees sal uitstort op alle vlees.' Vandag is hierdie Skrif vervul." Sekerlik.

127 Luther was presies op tyd. Wesley was presies or tyd. Pinkster was presies op tyd. Niks buite orde nie.

128 Nou vra ek julle om die eeu en tyd, waarin ons nou leef, te oorweeg met die beloofde Woord vir vandag. As manne, in die ander tye, kon sê: "vandag is hierdie Skrif," "vandag is hierdie Skrif," wat dan van die Skrif vir vandag? Wat is belowe vir hierdie dag? Waar staan ons? Watter uur leef ons in, terwyl die klok, die wetenskaplike klok, drie minute voor middernag slaan? Die wêreld het die bewerasie. Die kerk is in 'n bed van korrupsie. Niemand weet waar hulle staan nie. Watter tyd van die dag is dit? Wat omtrent die Skrif vir hierdie dag? Die toestand van die kerk, of, die toestand van die kerk vandag!

129 In die wêreld, politiek, ons wêreld sisteem, is net so verrot as kan kom. Ek is nie 'n politikus nie. Ek's 'n Christen. Maar, ek het geen besigheid om oor politiek te praat nie, maar ek wil net sê dat hulle aan albei kante verrot is.

130 Ek het een keer gestem, dit was vir Christus; ek moet wen. Die duiwel het teen my gestem, en Christus het vir my gestem; dit hang af aan watter kant ek my stem geplaas het. Ek is bly ek het dit op Hom geplaas; laat die wêreld sê wat hulle wil. Ek glo steeds Hy is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid. Hy sal dit bewys. Hy sal verseker. Sekerlik.

Die toename in misdaad, jeugmisdaad!

131 Kyk na ons nasie, eens die blom van die aarde, ons groot demokrasie was daardie tyd gebore in—in die. . .met die verklaring van onafhanklikheid, en die verklaring van onafhanklikheid was geteken, en ons het 'n demokrasie gehad, en ons groot voorvaders, en die dinge wat hulle gedoen het, ons het 'n groot nasie gehad.

132 Maar sy is nou besig om te verrot, en te verkrummel, en te skud, en mee te gee. En probeer om mense te belas, om geld te kry om oor te stuur, en vriendskap met hulle vyand te koop; hulle gooi dit terug in ons gesigte. Een wêreldoorlog, twee wêreldoorloë, en beweeg nog aan na 'n derde een. Sekerlik. Politiek is verrot, korrup, verrot tot die bodem. Presies wat Matthéüs 24 gesê het dit sal wees: "Nasie sal teen nasie opstaan, koninkryk teen koninkryk." Al hierdie dinge sal gebeur. Kom ons oorweeg dit nou. Goed.

133 Let ook op, die toename in wetenskaplike navorsing. Nou, eers was, net 'n. . .My oupa het vir my ouma gaan kuier, in 'n ossewa. Nou is dit 'n straalvliegtuig, of selfs 'n wentelbaan in die lug, in die buitenste ruimte. Dis magtig. . .Hoe, wie het dit gesê? Daniël 12:4 sê: "Kennis sal vermeerder in die laaste dae." Ons sien die uur waarin ons leef. Let nou op na die—die toestand van die wêreld, die toestand van wetenskap.

134 En let weer op, vandag, na ons opvoedkundige stelsel. Nou, moet dit nie probeer ontken nie. Ek het die koerantuitknipsels, hoe daar seks geleer word in ons ker-. . . in ons skole, van jong studente wat seksuele verhoudings met mekaar het, om te sien of hulle in die wêreld kan aanpas. Ja, meneer.

135 Wat van in ons priesterskap? Vanaand het ek 'n stuk uit die koerant. Daar in Los Angeles, California, waar 'n klomp geestelikes, Baptiste en Presbiteriane, predikante, 'n klomp homoseksueles ingebring en homoseksualiteit beoefen het, en sê hulle probeer hulle wen vir God. Terwyl dit een van die vloeke van die tyd is, 'n Sodomiet! En selfs die wet het hulle gearresteer.

136 Waar staan ons nou? Ons hele sisteem het onder ons uit verrot. Ek het die toename van homoseksuele dwarsoor die Verenigde State gesien, het verlede jaar met twintig of dertig persent vermeerder. Dink daaraan, mans wat met mans lewe, presies net soos hulle in Sodom gedoen het.

137 Toename in misdaad, jeugmisdaad! In watter uur leef ons? Vandag is hierdie Woord van profesie vervul.

138 Die godsdienstige wêreld, die kerk self, die kerk, die uitgeroepte kerk, wat ons die uitgeroepte kerk noem, die laaste kerkeeu, die Pinkster kerkeeu, waar is dit? Dis in Laodicea, soos die Skrif gesê het.

139 Vandag het hulle die toue laat slap lê. Hulle vroue is half aangetrek. Hulle mans is. . . Dis 'n afskuwelike ding. Party van hulle is drie of vier keer getroud, op diakenrade, en alles. Hulle het laat slap lê, en korrupsie ingebring, want hulle het in raadgewings gaan sit en plekke met die wêreld ingeneem.

140 En, vandag, het hulle beter geboue, as wat hulle ooit gehad het. 'n Sekere plek, een van hulle is besig om 'n vyftig-miljoen-dollar ouditoruim te bou, vyftig miljoen dollar. Pinksters! Vyf-en-twintig jaar terug, het hulle 'n tamboeryn onder op die hoek geslaan. Gesê: "Ons. . . "

141 Want, die Skrif het gesê, in Openbaring 3, jy is "'Ryk,' gesê: 'Ek is ryk. Ek sit soos 'n koningin. Ek het aan niks gebrek nie.' En weet nie dat jy ellendig, beklaenswaardig, arm, naak, en blind is, en dit nie weet nie!"

142 Vandag is hierdie Skrif vervul voor julle oë. Amen! *Amen* beteken "laat dit so wees." Ek beaam nie myself nie, maar ek bedoel ek glo Dit is die Waarheid. Vandag is hierdie Skrif vervul.

143 Die Pinksterkerk is in 'n Laodicése toestand. O, hulle spring nog en skree, en gaan tekere terwyl die musiek speel. Wanneer die musiek ophou, of die beatnik musiek wat party van hulle speel en dit Christendom noem, en wanneer dit ook al stop, is al die glorie weg. Ja.

144 As dit 'n ware lofbetuiging aan God is, is daar nie genoeg fluite en genoeg—genoeg krag in die wêreld om dit te stop nie.

Wanneer dit regtig van God af kom, verg dit nie musiek om dit op te sweep nie. Dit verg die Gees van God om af te kom daarop. Dis wat dit doen.

145 En hulle het Dit al lankal vergeet, want hulle het die gawe van die Heilige Gees geklassifiseer as: "om in tale te praat as die aanvanklike bewys." En ek het duiwels en hekse in tale hoor praat.

146 Die Heilige Gees is die Woord van God in jou, wat Ditself identifiseer deur daardie Woord aan te neem. Buiten dit, kan dit nie die Heilige Gees wees nie. As dit sê dit is die Heilige Gees, en een Woord van daardie Bybel ontken, kan dit nie die Heilige Gees wees nie. Dis die bewys of jy dit glo of nie.

147 Let op na nog 'n groot teken. Die Jode is in hulle tuisland; hulle eie nasie, hulle eie geld, 'n lid van die Verenigde Nasies. Hulle het hulle eie weermag. Hulle het alles. Hulle is in hulle tuisland; waarvan Jesus gesê het: "Leer 'n gelykenis van die vyeboom." Daar is hulle, terug in hulle nasie. Vandag is hierdie Skrif vervul, die Jode is in hulle tuisland.

148 Vandag is hierdie Skrif vervul, die Laodicése Kerkeeu.

149 Vandag is hierdie Skrif, Matthéüs 24, vervul. Die wêreld is in 'n korrupsie, die hele ding; nasies is teen nasies, aardbewings in verskeie plekke, groot warrelwinde wat afkom, en die nasies skud, ensovoorts, groot rampe oral. Vandag is hierdie Skrif vervul.

150 Nou, ons het die toestand van die wêreld gesien. Ons sien waar die normale—normale kerk, organisasie, denominasies, sien waar hulle is. Ons sien waar die nasies is. En ons sien dat hierdie beloftes vandag vervul is.

151 Nou, maar in hierdie dag moet daar 'n super, Koninklike Saad van Abraham kom. Dit is presies wat Dit sal wees, dit sal 'n Koninklike Bruid vir die Koninklike, beloofde Seun wees. Soos ek gisteraand gesê het, dit sal nie 'n natuurlike saad wees nie, dit sal 'n geestelike Saad wees. Daar moet 'n geestelike Bruid verrys, wat die Koninklike Saad van die Koninklike geloof van Abraham se Koninklike Seun sal wees. Sy moet in die laaste dae op die toneel kom, en die tyd en die plek is 'n belofte wat aan Haar gegee is.

152 Volgens Maleági 4, 'n Skrif, moet daar 'n Boodskap verrys wat die harte van die mense weer terug sal skud na die apostoliese vaders. Daar moet een op die toneel verskyn, in die krag van Elia, wat op die toneel sal verskyn; 'n wildernis man wat sal uitkom, en 'n Boodskap sal hê wat weer reguit terug sal keer na die Woord. Dis die uur waarin ons leef.

153 Oorweeg dan nou, ek vra julle in hierdie uur, julle mense hier in Jeffersonville. In 1933, die bonatuurlike Lig wat daaronder op die rivier geval het, daardie dag wat ek vyfhonderd mense in

die Naam van Jesus Christus gedoop het, as 'n seun van omtrent twintig jaar oud. Wat het Dit gesê, Jeffersonville? Wat was Dit daar aan die voet van Springstraat, toe die *Courier Journal,* ek dink dit was die *Louisville Herald,* die artikel Daaroor geskryf het? Dit het dwarsoor die Associated Press gegaan, tot binne-in Kanada. Doktor Lee Vayle het dit in 1933, bo in Kanada, uit die koerant geknip.

154 Terwyl ek my sewentiende persoon, onder hierdie Getuienis, gedoop het; en julle ken die res van die storie. En terwyl ek daar gestaan, en hierdie sewentiende persoon gedoop het, het daar 'n Lig van die Hemel af gekom, wat geskyn het, soos 'n Ster wat van die Hemel val. 'n Stem het gesê: "Soos Johannes die Doper gestuur was om die eerste koms van Christus vooruit te gaan, sal jou Boodskap Sy tweede Koms, die hele wêreld deur, vooruitgaan." Vandag is hierdie Skrif vervul.

155 Vandag! God het dit belowe. Wat het gebeur? Hierdie dag het Dit om die wêreld gegaan.

156 En toe God daar afgekom het en dit gesê het, toe ek 'n klein seuntjie was, in 'n brandende bos, of 'n bos aan die brand daarbo, met die Vuurkolom, hierbo by Wathen se plek op die Utica Pike; terwyl ek water aangedra het daaragter, van daardie skuur af na 'n distilleerketel toe, julle ken die waarheid daarvan. Hy het gesê: "Jy moet nooit rook, of drink, of jou liggaam besoedel nie, want daar is 'n werk wat jy moet doen wanneer jy ouer is." Ek getuig daarvan dat dit die Waarheid is, dat ek Dit gesien het. En God het, soos Hy met Moses gedoen het, daar voor die gemeente gespreek en gesê: "Hierdie is die Waarheid."

Vandag is hierdie Skrif vervul in ons midde.

157 Let op wat Hy omtrent die onderdskeiding gesê het, en hoe dit sal wees; van die oplegging van hande op hulle, tot om die geheimenisse van die hart te ken. Vandag is hierdie Skrif reg voor ons oë vervul.

158 Hierdie beloftes wat gemaak was, let op, al hierdie beloftes was bekragtig en vervul deur die God van die belofte. Kyk, vanaand hang die prent van die Engel van die Here daar in Washington, DC!

159 Soos George J. Lacy, die hoof van die FBI se vingerafdrukke en dokumente vir die Verenigde State se regering, Dit ondersoek het vanuit Houston, Texas, en gesê het: "Hierdie is die enigste bonatuurlike Wese wat nog ooit in die hele wêreld gefotografeer was." Hy behoort te weet; hy is die beste in die wêreld, daarvoor.

160 Let op, daar hang Dit, as die Waarheid, dieselfde Vuurkolom wat vir Israel deur die wildernis gelei het. Dit lei vandag, dieselfde soort van Boodskap, van: "Kom op uit Egipte uit!"...?...Vandag is hierdie Skrif vervul. Kyk na die Boodskap, wat Hy gesê het.

161 Kyk na die visioen van Tucson, drie jaar gelede, toe ek daar in die laan gestaan het. Terwyl Hy, vyf jaar vantevore, gesê het: "Die dag wat die stad 'n pen daar voor die hek inslaan, moet jy jou na die Weste draai." My mense van die tabernakel wat hier is, weet van daardie pro-. . . daardie—daardie tyd. Dis reg.

162 En die dag toe Mnr. Goynes-hulle daarbo was, en daardie pen ingeslaan het, het ek vir my vrou gesê: "Daar is iets hieromtrent."

Sy het gesê: "Wat is dit?"

En ek het ingegaan en in my klein boekie gekyk. Daar was dit.

163 En daardie volgende oggend, om tienuur, terwyl ek daar, in my kamer gesit het, omtrent tienuur, het die Engel van die Here afgekom. Hy het gesê: "Gaan na Tucson. Jy sal Noord-Oos van Tucson wees, en daar sal sewe Engele in 'n bondel kom, wat die hele aarde rondom jou sal skud." En gesê: "Vandaar sal dit verder aan jou vertel word."

164 Hoeveel hier onthou dit, lank voordat dit gebeur het? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Daar is manne wat vanaand in hierdie gebou sit, wat daar gestaan het toe dit gebeur het.

165 En gesê het: "Die Sewe Seëls van die verborge geheimenisse van die hele Bybel sal oopgemaak word, en Openbaring 10 vervul, dat hierdie dinge in die Sewende Engel se Boodskap vervul sal word." Vandag is hierdie Skrif voor ons oë vervul. Vandag is hierdie Skrif vervul.

166 Toe ons verlede jaar in dieselfde plek gestaan het, ek en Mnr. Wood hier, terwyl ons teen die heuwel opgegaan het, in 'n tipe rou oor sy vrou wat siek was, het die Heilige Gees gesê: "Tel 'n klip op wat daar lê. Gooi dit in die lug op. Wanneer dit afkom, sê: 'SO SPREEK DIE HERE, oordeel gaan die aarde tref.' Sê vir hom dat hy die hand van God, in die volgende paar uur, gaan sien."

167 Ek het vir Mnr. Wood vertel; wat vanaand teenwoordig is. En, ek reken, vir agt of tien van die mans, of vyftien, wat op daardie tyd daar was, toe dit gebeur het; die volgende dag, waar die Here afgekom het in 'n warrelwind en die berg om ons uitgeruk, en die toppe van die bome losgesny, en drie slae geslaan, en gesê het: "Oordeel is op pad na die Weskus."

168 Twee dae daarna, het Alaska amper onder die see gesink. En sedertdien, bars die oordele van God oor-en-weer langs die kus los, teen daardie geestelike skerm. Daar is 'n yster gordyn, daar is 'n bamboes gordyn, en daar is 'n sonde gordyn.

169 Beskawing het beweeg saam met die son; en so ook die Evangelie. Hulle het gekom van die ooste en het na die weste gegaan, soos die son gaan. En nou is Dit op die Weskus. Dit kan nie verder gaan nie; as Dit verder gaan, sal Dit weer terug oos wees.

170 Die profeet het gesê: "Daar sal 'n dag kom wat nie dag of nag genoem kan word nie," 'n somber dag, baie reën en mis, net genoeg om te weet hoe om by 'n kerk aan te sluit of jou naam op 'n boek te plaas. "Maar dit sal Lig wees teen die aandtyd." Vandag is hierdie Skrif vervul.

171 Dieselfde—dieselfde s-o-n wat in die ooste opkom, is dieselfde s-o-n wat in die weste ondergaan. En dieselfde S-e-u-n van God wat in die ooste gekom en Homself bekragtig het, as God gemanifesteer in die vlees, is dieselfde S-e-u-n van God in die westelike hemisfeer hier, wat Homself vanaand hier onder die kerk identifiseer, dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid. Die Aandlig van die Seun het gekom. Vandag is hierdie Skrif voor ons vervul.

172 Waar staan ons in hierdie Abrahamiese tyd? Waar is ons in hierdie groot tyd waarin ons staan, die groot uur waarin ons leef? Al die visioene is reeds vervul.

173 Wat van toe 'n predikervriendjie van ons hier, 'n mede susterskerk, Junior Jackson, na ons toe gehardloop het een aand, na my toe daar, en gesê het: "Broer Branham, ek het 'n—'n droom gehad wat my pla. Ek het al die broers op 'n berg bymekaar gesien." En gesê: "Jy was besig om vir ons, op hierdie berg, te leer uit briewe wat geskryf was, amper gelyk soos, in briewe wat deur die tyd uit die rots gesny was. Toe jy daarmee klaar was, toe dit alles klaar was, het jy vir ons vertel, gesê: 'Kom nader,' en ons het almal saamgekom."

174 Gesê: "Jy het van êrens gereik en, gelyk of jy iets soos 'n koevoet kry en die bopunt van hierdie klein piramide oopgeruk het. En, toe dit gebeur het," gesê: "graniet rots met geen geskrywe daarop nie. En jy het vir ons gesê om 'daarop in te kyk.'" En julle almal . . . "Ons almal het begin kyk." Gesê: "Ek het my kop gedraai, en het opgelet dat jy na die weste beweeg, so vinnig as wat jy kon, in die rigting van die sonsondergang." Hoeveel onthou dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

175 En ek het 'n rukkie daar gestaan totdat die Heilige Gees dit geopenbaar het. Ek het gesê: "Die hele Bybel, soveel as wat aan die mens geopenbaar is, deur regverdigmaking, heiligmaking, doping van die Heilige Gees, die doop in Jesus' Naam, en al hierdie dinge, is geopenbaar; maar daar is geheime wat binne-in verborge is, want die Bybel is verseël met Sewe Seëls. Ek moet soontoe gaan om dit te vind."

176 Toe daardie sewe Engele daardie oggend daar afgekom en die aarde geskud het, en rotse orals gevlieg het, het sewe Engele daar gestaan en gesê: "Gaan terug na Jeffersonville, waar jy vandaan kom, want die Sewe Seëls van die sewe verborgenhede gaan oopgemaak word."

177 Hier is ons vandag, ons verstaan die *Slang se Saad*. Binne 'n paar dae, as die Here wil, sal ons die korrektheid weet omtrent

Troue en Egskeiding. En al hierdie dinge wat God oopgemaak het, elke Seël, die verborgenhede vanaf die grondlegging van die wêreld. En ons het die Teenwoordigheid van Sy seëninge geniet! Dit is waar. Vandag, is hierdie Skrif!

178 Die *Life* tydskrif het 'n artikel daaroor gehad: "Mistieke Ligkring gaan in die lug oor Tucson en Phoenix op," op dieselfde manier as wat ek julle van vertel het byna 'n jaar voordat dit gebeur het, hoe dit sou wees, en soos 'n driehoek. Die foto hang daaronder in die kerk. Dié van julle wat daardie tydskrif geneem het, het dit. Daar was dit, presies net so. Hulle het gesê: "Dit was sewe-en-twintig myl hoog en dertig myl breed." Hulle verstaan nog nie wat gebeur het nie. Dit het misterieus verskyn en misterieus verdwyn.

179 Ek en Broer Fred Sothman, en Broer Gene Norman, wat daar staan, drie as 'n getuie, net soos dit bo-op die berg was: Petrus, Jakobus, en Johannes, om te getuig, daar gestaan en kyk toe dit gebeur het, en dit sien gebeur.

180 Daar is Dit, dit hang in die lug; so hoog, daar is geen humiditeit, geen vogtigheid of niks om 'n—'n mis te vorm nie. Hoe kon hulle daar kom? Dit was die Engele van die God wat teruggekeer het, na hulle Boodskap. Vandag is daardie profesie in ons midde vervul. Vandag is hierdie Skrif vervul.

181 Let op, Sewe Seëls is oopgemaak. Die warrelwind is na die Weskus. Nou, moet dit nie mis, soos hulle destyds daar het nie.

182 Nou, ons aandag, 'n bietjie nader aan ons dag. Wat sê die Skrif omtrent vandag, en van die tyd waarin ons lewe? Jesus wat praat. . . Ek sal nie tyd hê om hulle almal te neem nie, maar ek wil hierdie een neem voordat ons afsluit.

183 Jesus het gesê, in Lukas die 17de hoofstuk, die 30ste vers. Jesus Christus, die Woord Self! Glo julle dit? Jesus Christus, die Woord Self, wat vleesgeword het, het gepraat en gesê wat die Woord sal wees in die endtyd, wat die teken sal wees van die einde van die wêreld. Hy het hulle gesê dat nasie teen nasie sal opstaan, maar Hy het gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar sal word."

184 Nou, toe Jesus na die aarde toe gekom het, het Hy in die Naam van drie Seuns gekom: Seun van die mens, wat 'n profeet is; Seun van God; en Seun van Dawid.

185 Nou, Hy het hier op die aarde gelewe. Hy het nooit gesê dat Hy die Seun van God was nie. Hy het gesê: "Ek is die Seun van die mens." Jehova Self het vir Eségiël en die profete genoem: "Seun van die mens." Want, Hy moes kom om die Skrifte as 'n profeet te vervul. Moses het gesê: "Die Here julle God sal 'n Profeet oprig soos wat ek is." Dit is waarom Hy nie toe die Seun van God kon wees nie, want Hy was die Seun van die mens. Hy. . . "Die Woord het na die profete toe gekom." En Hy was die Woord in Sy

volheid. Seun van die mens, die—die hoof profeet . . . Nie die hoof profeet nie, maar die God-Profeet: "Die volheid van die Godheid was liggaamlik in Hom gewees." Daarom, was Hy die Seun van die mens.

186 Nou, vir tweeduisend jaar nou al, word Hy deur ons geken as die Seun van God, Gees.

187 En in die Millennium, sal Hy die Seun van Dawid, op die Troon, wees. Ons almal, wat die Skrifte glo, weet dit.

188 Nou, Jesus het gesê, dat reg aan die einde van hierdie kerkeeu waarin ons lewe, dat "Die Seun van die mens weer geopenbaar sal word op dieselfde manier as wat dit was, as wat dit in Sodom was."

189 Let op hoe Hy dit, geskiedkundig, gegee het. Hy het gesê: "Soos dit was in die dae," eerstens, "van Noag, hoe hulle geëet, gedrink, getrou, en in die huwelik uitgegee het." Toe bring Hy dit volgende, laastens, na die Seun van die mens, by Sodom. Want, daar het Hy met die Jode gedeel; hier, by Sodom, deel Hy met die Heidene. Daar, het Hy hulle almal, met water verdrink, in oordeel; hier, by die Heidene, het Hy hulle almal verbrand op die dag van Sodom. Dis reg. Die Heidense wêreld het daar verbrand, "en so sal dit wees wanneer die Seun van die mens geopenbaar word." Dit sal nie weer water wees nie, maar hierdie keer sal dit vuur wees. Jesus het uit dieselfde Genesis 23 gelees waaruit ons lees, toe Hy oor Sodom gelees het.

190 Nou, ons erken die toestande wat daar van gepraat is, van die wêreldtoestand van Sodom, Sodomiete, Sodomtoestand. Elkeen van ons sal "amen" sê daarop. Ons glo dit. Goed.

191 En die geestelike toestand van Laodicea, die natuurlike kerk, ons sal "amen" sê daarop, en hulle tekens aanvaar. Ons weet dat alle tekens daar is. Die kerk is in Laodicea. Ons weet dit.

192 Ons weet die wêreld is in 'n Sodomtoestand. Is dit reg? Ons sal dit aanvaar.

193 Maar wat van die teken van Abraham, die een wat wag vir die beloofde seun? Dit was nog een.

194 Onthou, hulle het Sodom daardie tyd gehad; hulle het hulle boodskapper gehad. En Abraham het sy Boodskapper gehad.

195 Abraham het, dag vir dag, gewag, vir 'n byna onmoontlike ding om te gebeur. "Sara, negentig, en hy 'n honderd." Volgens die belofte van God, het hy steeds gewag. Te midde van al die kritiek, het hy gewag vir daardie seun.

196 So wag die ware gelowige steeds vir daardie beloofde Seun om terug te keer! Let op, net voor die seun gekom het, is daar vir hom 'n teken gegee. Moet die teken van die komende Seun dan nie geopenbaar word aan die koninklike Saad van Abraham wat vir die Koninklike Seun wag, net soos dit vir vader Abraham gewees het vir die natuurlike seun nie? Dit reg? Jesus het so gesê,

hier in Lukas 17:30: "Voor hierdie tyd aanbreek," dat "die Seun van die mens geopenbaar sal word net soos Hy gedoen het in die dae van Sodom, voor die vernietiging van Sodom." Nou, ons wag vir 'n teken.

197 Kom ons neem nou die toestand van die tyd soos dit in Sodom was. Let op, hulle het almal verval in Sodomiete, die wêreld.

198 Ek dink een van die film direkteure het, nie lank terug nie, 'n rolprent vrygestel, en ek het dit gaan sien, dit was: *Sodom*. As jy dit ooit sien en daar's niks anders as dit aan nie, gaan kyk daarna. Dis 'n, beslis 'n goeie beeld van die Verenigde State vandag, Hollywood, presies so; dieselfde tipe van kleredrag en alles as wat hulle daardie tyd gedoen het; groot dronkpartye en alles, 'n geestelike kultus van mense, sogenaamd geestelik.

199 Let op, en Sodom het 'n getuie gehad, en dit was deur 'n persoon met die naam van Lot, wat net 'n broerskind van—van Abraham was.

200 Nou, Abraham het nie afgegaan in Sodom in nie, hy en sy groep. Hy het 'n groot groep by hom gehad, genoeg om omtrent 'n dosyn konings en hulle leërs te beveg. So, hy het 'n groot groep by hom gehad. En hy het daarbuite onder 'n eikeboom gesit, eendag, terwyl alles vir hom verkeerd gegaan het; niemand het enigiets met hom te doen gehad nie, maar hy het steeds bly vashou aan daardie belofte.

Let nou, noukeurig op, voor ons afsluit.

201 Terwyl hy daar gesit het, het drie manne na hom toe aangestap gekom. Twee van hulle het in Sodom ingegaan en die Evangelie aan hulle gepreek, om uit te kom, aan Lot. Is dit reg? Maar Een het by Abraham agtergebly. Let op, die Een wat by Abraham gebly het, was God Self. Die ander twee was Engel boodskappers.

202 Nou, onder in Sodom, het hulle geen wonderwerke gedoen, behalwe om hulle met blindheid te slaan nie. En die prediking van die Evangelie slaan hulle altyd met blindheid.

203 Kyk nou na die toneel van daardie dag. Daar is 'n natuurlike kerk. God word altyd, soos ek gisteraand gesê het, verteenwoordig in drie. Daar was Sodomiete, die Lottiete, en die Abrahamiete. Dit is in dieselfde posisie vanaand, die wêreld presies net soos dit.

204 Laat ek vir julle iets vra. Kyk nou na hierdie toneel. Abraham het hierdie Man, wat met hom gepraat het, "Elohim" genoem. Die Hebreeuse woord *Elohim* beteken "die allesvoldoende Een, die Een wat die Ewige Een is," Elohim, God Self!

205 In die begin, Genesis 1, sê: "In die begin het God . . . " Neem die Hebreeuse woord daar, enigeen, of liewer, die Griekse woord: "In die begin het *Elohim* die hemel en aarde geskape."

206 Hier, Hy, in Genesis, omtrent 22 hier, sê Hy weer, of—of omtrent die 20ste, het Hy gesê, en hy het hierdie Man se naam "Elohim" genoem. Waarom het hy dit gedoen? God, verteenwordig in menslike vlees, wat saam met Abraham gesit en 'n kalfstoebroodjie geëet het, melk gedrink, en brood geëet het. God Self, en reg voor Abraham verdwyn het.

207 Maar Hy het vir hom 'n teken gegee. Let op. En daardie teken, was dat Hy Sy rug na die tent gedraai gehad het.

208 En onthou, Abraham, sy naam was *Abram* gewees 'n paar dae voor dit, en Sara was *Sarai* gewees voor dit; S-a-r-a-i, toe S-a-r-a, en A-b-r-a-m na A-b-r-a-h-a-m. *Abraham* beteken "vader van nasies."

209 Let nou goed op hier, en ons sal die toneel sien van die uur waarin ons nou lewe, aangesien Jesus vir ons gesê het om uit kyk vir hierdie toneel. Ons kon al die res daarvan sien; kom ons kyk nou na die koninklike Saad, watter toneel hulle veronderstel is om te sien.

210 Nou hierdie Man het gesê: "Abraham, waar is jou vrou, Sara?"

En Abraham het gesê: "Sy is in die tent, agter U."

211 Nou, Hy het haar nog nooit gesien nie. Hoe het Hy geweet dat sy naam *Abraham* was? Hoe het Hy geweet haar naam was *S-a-r-a*? "Abraham, waar is jou vrou, Sara?"

Gesê: "Sy is in die tent, agter U."

212 Hy het gesê: "Ek . . . " "Ek," 'n persoonlike voornaamwoord. "Ek gaan jou besoek volgens die belofte. Jou vrou gaan daardie baba hê. Jy het My vertrou, nou gaan Ek dit laat geskied."

213 En Sara, in die tent, agter, het afgeluister of ingeluister, of wat jy dit ook al noem, geluister deur die tent, sy het in haar mou gelag, en sy het gesê: "Nou, hoe kan ek, 'n ou vrou soos ek is, plesier met my heer hê; terwyl by ook oud is, alreeds 'n honderd jaar oud? Wat, dit het nie gebeur vir baie, baie jare nie."

214 En die Man, M-a-n, wat daar gesit en eet het, in 'n menslike vlees, besig om te drink en eet soos 'n gewone man; met stof aan Sy klere, en het stof aan Sy voete gehad, en Abraham het dit afgewas. God, Self, het omgekyk, en Hy het gesê: "Waarom het Sara gelag, daar in die tent, en *dit* gesê?" Hy het geweet, kon die gedagtes van Sara, agter Hom in die tent, onderskei. Is dit reg?

215 Nou, watter teken het Hy gewys, toe die Koninklike Saad van Abraham op die aarde gekom het? Seun van die mens. Simon het eendag na Hom toe gekom; Andreas het hom gebring. Hy het gesê: "Jou naam is Simon. Jy is die seun van Jonas," het Hy gesê. Sien, dit het 'n gelowige van hom gemaak.

216 Filippus het gegaan en vir Natánael gaan haal, teruggekom. Gesê: "Kom, sien 'n Man vir Wie ons—ons gevind het: Jesus van Násaret, seun van Josef."

217 Hy het gesê: "Nou wag 'n bietjie. Kan enigiets goeds uit daardie fanatisme kom?"

Hy het gesê: "Kom, kyk."

218 So toe Filippus, saam met Natánael, in die Teenwoordigheid van Jesus kom, het Jesus na hom gekyk en gesê: "Hier is waarlik 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie."

Hy het gesê: "Rabbi, vanwaar ken U my?"

219 Hy het gesê: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien."

220 Hy het gesê: "Rabbi, U is die Seun van God. U is die Koning van Israel!"

221 Toe die vroutjie by die put, in haar immorele toestand, daar gekom het, 'n klein panoramiese iets soos hierdie, om water te trek. Jesus het Sy dissipels weggestuur, om voedsel te gaan koop. Toe sy kom water trek het, het Hy gesê: "Vrou, gee vir My water om te drink."

222 Sy het gesê: "Dit is nie gebruiklik vir U om dit te sê nie. Ons het apartheid hier. Nou, julle Jode het niks met ons Samaritane te doen nie; ons het niks met julle te doen nie."

223 Hy het gesê: "Maar, vrou, as jy geweet het met Wie jy praat, sou jy My gevra het vir water. Ek sal vir jou waters gee wat jy nie hier sou kom trek het nie."

224 Hy het uitgevind waar haar toestand was, wat dit was. Hy het gesê: "Gaan haal jou man en kom hiernatoe."

Sy het gesê: "Ek het nie 'n man nie."

225 Hy het gesê: "Jy het die waarheid gepraat. Jy het vyf gehad, en die een waarmee jy nou saamlewe, is nie joune nie."

226 Sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is. Ons weet dat, wanneer die Messias kom, sal Hy vir ons al hierde dinge wys."

Jesus het gesê: "Ek is Hy."

227 Daarop, het sy die stad binnegehardloop en gesê: "Kom, sien 'n Man Wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is Dit nie miskien die werklike Messias nie?"

228 Kyk, Hy het dit voor die Jode, en voor die Samaritane gedoen, maar nooit voor die Heidene nie. Die Heidene, ons mense, was heidene in daardie dae, die ander nasies, wat 'n knuppel op ons rug gedra het, wat afgode aanbid het. Ons het vir geen Messias uitgekyk nie.

229 Hy verskyn net aan hulle wie Hom verwag, en ons is veronderstel om Hom te verwag.

230 Maar hulle wat daarop aanspraak gemaak het dat hulle Hom verwag, die kerk self, toe hulle dit gedoen gesien het, het hulle gesê: "Hy's 'n duiwel. Hy is 'n fortuinverteller, 'n Beëlsebub!"

231 En Jesus het gesê: "Daardie sonde sal hulle vergewe word," want Hy het toe nog nie gesterf nie. "Maar," het gesê: "eendag sal die Heilige Gees kom en dieselfde ding doen, en om een woord Daarteen te praat, sal nooit vergewe word nie." Dit is hierdie dag, waar elke Woord moet saamhang. "Praat 'n woord Daarteen; dit sal nooit vergewe word in hierdie wêreld of in die toekomstige wêreld nie."

232 Dit was die Koninklike Saad van Abraham. En hier het daardie Koninklike Saad van Abraham, wat gekom het deur daardie identifikasie van daardie Man wat daar saam met Abraham gesit het, gekom om te bewys dit was dieselfde God, wat belowe het in hierdie dag: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees met die koms van die Seun van die mens, wanneer Hy Homself openbaar as die Seun van die mens." Amen. Hierdie is die dag vir hierdie Skrif om vervul te word.

233 Kyk na die toneel wat ons vandag het. Kyk na die kerk waar die Seun van God. . . Kyk na die somber dag. Kyk na al die profesieë. Nou, 'n eienaardige ding, dis dan tyd vir ons besoekers om te verskyn, as die toneel dieselfde moet wees as by Sodom.

234 Daar was drie van hulle wat afgekom het, drie uitstaande manne gestuur van die Hemel. Ons sal dit erken. Drie van hulle; Een het by Abraham gebly. Hulle het almal daar begin, maar Een het by Abraham agtergebly. Die res van hulle het in Sodom afgegaan. Is dit reg? En Abraham het 'n veranderde naam gehad, van Abram na Abraham. Waar?

235 Nog nie een keer, het die geskiedenis, kerk van die wêreld, ooit 'n evangelis gehad om te gaan, met 'n naam wat eindig met h-a-m, tot hierdie dag nie, Billy G-r-a-h-a-m. Is dit reg? G-r-a-h-a-m, ses letters. A-b-r-a-h-a-m het sewe letters. Maar G-r-a-h-a-m het ses letters, wat die wêreld, die mens, is. Sien?

236 Kyk wat vandag daar uitgegaan het, dit is daardie boodskappers van die Hemel.

237 Is daar nog 'n man op die aarde wat bekering so preek, so duidelik, soos Billy Graham? Was daar al 'n man wat so 'n effek op die mense gehad het, as Billy Graham? Daar was nog nooit, internasionaal, so 'n man gewees nie. O, Billy Sunday, ensovoorts, was hier in die Verenigde State, maar Billy Graham is wêreldwyd bekend. Sien waarvandaan hy roep? Uit Sodom.

238 En sy geselskap word daar gedeel met die Pinkster kerk, 'n Oral Roberts.

239 Maar wat van die Uitverkore groep? Watter soort teken is hulle veronderstel om te sien? Wat is hulle veronderstel om te hê? Halleluja! "Dit sal Lig wees teen die aandtyd." Vandag is hierdie Skrif vervul. Vandag is God se belofte vervul. Ons weet dat dit die Waarheid is. Hy is vanaand hier, net soos Hy toe was.

240 Nou, om dit te preek, soos ek 'n tydjie gelede gesê het, as jy enigiets preek en dit is die Evangelie Waarheid, dan is God verplig om dit te bekragtig. Is dit waar? Nou, as dit dan so is, laat die God wat die Woord geskryf het, laat die God wat die profesie gegee het, laat die God wat God van die Woord is, na yore kom en bewys dat Hy steeds God is.

241 Soos Elia teen die berg opgegaan het; dopgehou, Elisa vir Elia gaan dophou het, het hy gesê: "Ek wil 'n dubbele mate hê." En die mantel wat op Elia was, het op Elisa geval. Hy het afgestap, en die mantel dubbeld gevou en die rivier geslaan, en gesê: "Waar is die God van Elia?" En dieselfde ding wat vir Elia gebeur het, het vir Elisa gebeur.

242 En dieselfde Evangelie, dieselfde Krag, dieselfde Seun van die mens wat gister was, is vandag, en sal vir altyd wees. Hebreërs 13:8. Glo julle Dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Nou, vra ek julle. Ek kan nie Hy wees nie, maar Hy is hier. Ons is maar net 'n draer.

243 Sommige van julle mense daar, wat siek en beproef is, wat weet dat ek julle nie ken nie, laat God nou . . . as ek myself nederig genoeg kan maak. Bid julle en vra vir God.

244 Ek dink nie . . . Daar is nie 'n gebedskaartjie in die gebou nie, is daar? Nee, ek dink nie . . . Ons het nie enige gebedskaartjies uitgegee nie. Ons gaan 'n biduur hou by . . . of genesing vir die siekes hê, by die kerk. Maar, bid julle.

245 En julle weet dat ek 'n totale vreemdeling vir julle is. Sien, julle ken my, Jeffersonville! Ek wil nie hê dat die mense van Jeffersonville dit moet doen nie. Ek wil mense hê wat nie van hier is nie. Sien of God nog openbaar! Sien of Hy nog dieselfde is gister, vandag en tot in ewigheid!

246 Maak soos die klein vroutjie gemaak het. Hy het verbygegaan, en sy het gesê: "Ek glo hierdie Man." Sy het aan bloedvloeiing gely, en sy het gesê: "As ek die soom van Sy kleed kan aanraak, glo ek, sal ek gesond gemaak word." Is dit reg?

247 Deur haar geloof, was die Skrif, daardie dag, vervul. "Hy het die harte van die gebrokenes van hart verbind, die siekes en die verlamdes gesond gemaak."

248 Toe sy Sy kleed aanraak, en weggeloop en gaan sit het, het Hy omgedraai en gesê, "Wie het My aangeraak?" Hoe het Hy ooit geweet, tussen daardie menigte van mense, waarskynlik dertig keer soveel as wat daar vanaand hier is, duisende van hulle? Hoe het Hy dit geweet? Hy het gesê: "Wie het My aangeraak?" Hy het dit nie gesê net om te sê nie; Hy het dit gesê omdat dit waar was. Hy het gesê: "Wie het My aangeraak?" En dadelik het Hy rondgekyk en die klein vroutjie gesien, waar sy gesit of gestaan het, watter houding sy ook al in was, vir haar gesê dat haar bloedvloeiing oor was.

249 Dit was Jesus gister. Dit is Hy vandag. Glo jy dit?

250 Ek ken jou nie; God ken jou. Maar jy het pyne in jou sy, wat jou pla. Dis reg. Jy sit daar en bid daaroor. Is ek 'n vreemdeling vir jou, en is ons vreemdelinge vir mekaar? Staan op, as dit so is. Ek ken jou nie. Dis *hierdie* man net hier op die hoek, hierdie jong kêrel. Jy het ook 'n slegte keel. Dis reg. Jy bid daaroor. Jy is baie senuweeagtig oor iets. Jy sal die diens moet verlaat, want jy is 'n prediker, jy het 'n paar afsprake wat jy moet nakom. Dit is reg. Uh-huh. Glo jy dat God weet wie jy is? Eerw. Mnr. Smith, nou kan jy gaan en gesond wees. Jesus Christus het jou genees. Gaan na jou diens toe; jou keel sal jou nie hinder nie.

Vir wie het hy aangeraak?

251 Daar is 'n man wat *hier* reg agter sit; hy is besig om te ly. Hy het 'n gewas op sy linkerlong. Hy het nie. . . Hy is nie van hier nie. Jy was 'n mynwerker gewees. Dit is reg. Ek is 'n totale vreemdeling vir jou. As dit so is, skud jou hand. Die gewas is in jou linkerlong, en jy moet dadelik vir 'n operasie gaan. Is dit reg? Jy is nie van hier nie. Jy is van buite die stad. Jy is van Virginia. Dis reg. Glo jy dat God weet wie jy is? Mnr. Mitchell, dis reg, gaan huis toe en wees gesond. Jesus Christus maak jou gesond. Vra vir die man! Het hom nog nooit in my lewe gesien nie. Hy het daar gesit, en bid.

Vandag is hierdie Skrif!

252 Hier is 'n dame wat hier reg agter, agter my sit, Soos Sara in die tent was. Sy bid vir 'n dogter. Staan op. Die dogter is nie hier nie; sy is elders, die dogter. En jy is dieselfde as wat dit was toe 'n vrou na Jesus toe gekom het, wat 'n vrou gehad het wat erg van die duiwel besete was. Die vrou is. . . dogter is duiwelbesete. Sy is nie hier nie. Sy is van. . . Jy is van Noord-Carolina. Glo jy dit? En dit is die waarheid, is dit nie? Mev. Orders, jy kan maar huis toe gaan. As jy sal glo met jou hele hart, sal jy jou dogter vind soos wat Jesus Christus in daardie dae, gesê het dit sal genees wees.

253 Vandag is hierdie Skrif; die teken van Sodom, die teken van die super-Saad, die teken van die natuurlike kerk! Vandag is hierdie Skrif vervul in julle midde. Glo julle dit?

254 Sal julle Hom nou aanneem as julle Saligmaker en Geneesheer? Staan op julle voete, elkeen van julle, sê: "Ek aanvaar my genesing. Ek aanvaar Hom as my Saligmaker. Ek aanvaar Hom as my Koning." Staan elkeen op julle voete.

Hierdie dag! Luister, vriende.

255 "Hy het die Skrif gelees, die Bybel teruggegee aan die priester, en," gesê: "al die oë van die mense was op Hom gevestig. En Hy het op hulle neergekyk, en gesê: 'Vandag is hierdie Skrif vervul.'"

256 Ek het die Skrif gelees, met 'n dosyn, of meer, bewyse dat ons in die laaste dae lewe, die geslag wat vir Jesus Christus sal

sien terugkeer na die aarde toe. En ek sê vanaand weer vir julle, vandag is hierdie Skrif vervul voor julle aangesig.

257 Julle in Tucson, julle in Kalifornië, julle in New York, oor hierdie telefoonverbindings, vandag is hierdie Skrif vervul voor julle aangesig.

258 Laat ons jubel en vrolik wees, want die Bruilof van die Lam is op hande, en Haar Bruid . . . Sy Bruid het Haarself gereedgemaak.

259 Kom ons steek ons hande op en bring Hom lof, al julle mense. Die Here seën julle.

Vandag Is Hierdie Skrif Vervul AFR65-0219
(This Day This Scripture Is Fulfilled)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Vrydagaand, 19 Februarie 1965, by die Parkview Junior Hoërskool in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2022 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org